# KRUISGENOOT

4 Mei 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Bessie & Hansie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton

# LEKKER VERJAAR

| | | |
|---|---|---|
| 4 Mei | - | Pieter Pienaar (80) |
| 5 Mei | - | Judy Coetzee |
| 5 Mei | - | Jan Vermeulen |
| 6 Mei | - | Anna-Lizè Badenhorst |
| 6 Mei | - | Collin Joubert |
| 7 Mei | - | Judith Campher |
| 7 Mei | - | Christiaan Lochner |
| 7 Mei | - | Craig Scheepers |
| 7 Mei | - | Maslee Vink |
| 10 Mei | - | Nic Pieterse |

# bid



**Myanmar**: Pray for numerous Bible translation projects in different languages that we are embarking on. Pray for the safety of our translation teams and that the work of every role-player will have the favour and blessing of God's hand on it.
**Thailand**: Pray for the completion of the Thai Study Bible by 2026, providing culturally relevant study notes written by local scholars. Pray for wisdom for the authors and that church leaders and members will be enriched.
**Malaysia**: Pray for the Family Bible 100 Steps project, distributing 1 000 English and 500 Tamil Bibles to families and churches working with underprivileged children. Pray for successful distribution and strengthened relationships with churches.

# DIE EENHEID VAN DIE KERK

Willie Jonker – williejonker.co.za

Ons wil graag die volgende stellings bespreek om ’n beter begrip van ons onderwerp te verkry:

1. Die eenheid van die kerk is in eerste instansie ’n diep geestelike saak. Die één kerk is die resultaat van die reddende genade van die één God wat as Vader, Seun en Gees in die geskiedenis die uitverkorenes tot die ewige lewe tot sy één gemeente vergader en opbou (Efesiërs 4:4–5; 1 Korintiërs 12:13; 1 Petrus 2:10; Efesiërs 2:20–22).
2. Die boodskap aangaande die eenheid van die kerk is ’n wesenlike deel van die evangelie. Verlossing in Christus beteken altyd ook terselfdertyd inplanting in die één liggaam van Christus en deelgenoot-word van die huisgesin van God (l Korintiërs 12:12–13; Efesiërs 2:19; Efesiërs 2:13 ev; Galasiërs 5:22). Die verlossing sluit noodwendig die gemeenskap van die heiliges in, soos dit in die eenheid en eensgesindheid van die kerk beleef moet word (Galasiërs 3:28; Kol. 3:11; 1 Korintiërs 12:2 Korintiërs 5:16).
3. Die eenheid van die kerk is nie net iets onsigbaars nie, maar is bedoel om as gemeenskap van die heiliges sigbaar te word in die wêreld, as vrug van die verlossing in Christus. So min as wat regverdiging en heiliging van mekaar geskei kan word, so min kan die onsigbare eenheid van die gelowiges in Christus afgespeel word teen die sigbare openbaring daarvan in die wêreld. Die liggaam van Christus is iets konkreets, nie iets onsigbaars nie. In die sigbare verdeeldheid van die kerk word die eenheid in Christus tot skande gemaak en bedreig (1 Korintiërs 1:13; 1 Korintiërs 11 oor die nagmaal; 1 Korintiërs 12 ev oor die verskeidenheid van gawes; Efesiërs 4:2; Johanens13:34).
4. Die sigbare, konkrete gemeenskap van die heiliges moet gesoek word en beskerm word teen alle gevare wat dit bedreig. Die enigste grens is hier die grens tussen kerk en nie-kerk. Dit is ons roeping om die konkrete eenheid van die kerk te soek met almal en met alle openbaringe van die kerk wat die kenmerk van die ware kerk dra (Efesiërs 4:3). Onder geen omstandigheid mag die verskeidenheid wat uit die skepping opkom, of die verskeidenheid van geestesgawes wat in die gemeente voorkom, die sigbare eenheid van die gemeente bedreig nie. Die eenheid van die kerk moet altyd vooropgestel word, omdat dit in Christus gegee is en deur sy bloed verkry is. Alle vorms van verskeidenheid moet binne die eenheid van die één kerk hulle regmatige plek vind.
5. Ons het in die vraag na die eenheid van die kerk met ’n diep-geestelike saak te make. Ons houding en gesindheid in hierdie dinge lê getuienis af van ons erns met die heiligmaking. Ons kan nie die seën van die Here verwag as ons nie erns maak met die eenheid van die kerk wat vir Christus so belangrik is, dat Hy indringend met sy Vader daaroor onderhandel het nie (Johannes 17). Van die eenheid van die gemeente van Christus gaan daar na die wêreld ’n wonderlike getuienis uit, en omgekeerd maak die verskeurdheid van die gemeente die boodskap van die kerk ongeloofwaardig. ’n Kerk wat ongehoorsaam is in hierdie opsig, moet nie verbaas wees as sy kandelaar van hom weggeneem word nie (Openbaring 2:5). Al ons regsinnigheid is van nul en gener waarde sonder die liefde nie (1 Korintiërs 13). En die liefde wat die Heilige Gees in ons harte uitgestort het, is die enigste ware wortel van kerklike eenheid.









600mm x 900mm
Loodjies R30

